# Hoofstuk 2 Hersiening: Memorandum

### Vraag 1

Mode is duidelik sigbaar in haarstyle, grimering, meubels, geboue, motors, gedrag. (enige 4)
Kyk na ou foto's /ou tydskrifte/ ou flieks of ander geldige voorbeelde (enige 1)
[5]

### Vraag 2

Meer mense is betrokke by die mode-industrie as enige ander besigheid in die wêreld. (1)
In ontwerp, vervaardiging, vervoer, verkope, aankope, reklame (enige 4)
[5]

### Vraag 3

| Modegiere | Klassieke mode |
|---|---|
| Sterk in aanvraag vir baie kort tydperk (1) | Klassieke mode is style, ontwerpe, kleure en materiaal wat gewild bly oor 'n lang tydperk (1) |
| Dit duur gewoonlik net een seisoen (1) | Klassieke mode is nie neigings nie, maar is ewigdurend met subtiele opdaterings (1) |
| Dikwels taamlik buitensporig (1) | Dit word gewoonlik gekenmerk deur eenvoud (1) |
| Dikwels bykomstighede soos die vorm van handsakke, die style en hakhoogtes van skoene en style van hoede en pette of by die gebruik van dasse (enige 1) | Voorbeeld sou wees 'n klassieke swart broekpak, 'n wit hemp, 'n klein swart rokkie, blou denim, toeknooptruie, gewone T-hemde, gholfhemde, insteeksandale, reguitbeen-broeke en kamaste. (2) |
| Voorbeelde uit die verlede sluit in diere-afdrukke, gekleurde denim en klokvormige rompe, noupassende demin en neonkleure (enige 1) | |

[10]

### Vraag 4

4.1 Gier (1)
4.2 Vermaaklikheidskunstenaars/ontwerpers (1)
4.3 Piek (1)
4.4 Meer verbruikers kon die items gekoop het/gewilder onder verbruikers (1)
4.5 16 weke (1)
[5]

### Vraag 5

5.1 Blou denim is te informeel ✓ kies swart denim of broek ✓ wat 'n bietjie kan rek ✓ dra plat skoene in plaas van gewone skoene ✓ omdat dit meer gepas is vir die klim van lere en ✓ buk en loop ✓

5.2 Rok baie kort ✓ gaan beter lyk met swart kouse ✓ Skoene nie gepas vir werk nie – hakke te hoog ✓ Vervang met kleiner hakke of 'n ander paar vir dagdrag by die werk ✓

### Vraag 6

Grondstowwe vir organiese tekstiele word gekweek sonder die gebruik van onkruiddoders ✓ en plaagdoders; ✓ tekstiele vervaardig sonder skadelike bleikmiddels ✓ of skadelike stof

kleurstowwe / met natuurlike plant-gebaseerde kleurstowwe; ✓ werkers nie blootgestel aan skadelike giftige stowwe nie ✓
Voorbeelde: katoen, of materiale gemaak van materiale soos herwonne hout, mielies, soja, vesel en seewier gekombineer met eko-vriendelike Lyocell. (enige 1)
Nie-organiese volhoubare tekstiele word vervaardig van gewasse wat geplant en herplant kan word ✓sonder om skade aan die grond te veroorsaak, ✓ selfs al is sommige chemikalieë tydens die kweek van die plant gebruik. ✓ (enige 1)
[10]

### Vraag 7

- Koop klere wat 'n persentasie weefstofmateriaal bevat of gemaak is van 'n volhoubare tekstielstofbron, byvoorbeeld organiese katoen, ook tekstielstowwe gemaak van bamboes en vlas.
- Ondersteun plaaslike ontwerpers. Woolworths, Edgars, Fochini en YDE (Young Designers Emporium) het klerevoorraad van plaaslike ontwerpers.
- Koop plaaslik vervaardigde klere en vermy invoerprodukte wat duisende kilometer oor die hele vasteland of oor die wêreld vervoer is en koolstof vrystel.
- Koop klere gemaak van plaaslik vervaardigde materiaal. Hierdie materiaal het 'n kleiner koolstofvoetspoor, die plaaslike ekonomie word so ondersteun, en tekstielwerkers word nie uitgebuit nie (Suid-Afrika het baie streng arbeids- en beroepsgesondheidswetgewing).
- Moenie klere wat jy nie meer dra nie sommer net weggooi nie. Maak iets anders daarvan of skenk dit aan 'n welsynsorganisasie.
- Moenie vervalste goedere/onwettige afdrukke/namaaksels koop nie. Geregistreerde handelsmerkvervaardigers verloor inkomste en nagemaakte goedere het 'n negatiewe uitwerking op die beeld van die spesifieke handelsnaam. Dit skend ook die reputasie van die handelsnaam.

(enige 5)

**Totaal: 50 punte**

## Addisionele vrae vir uitbreiding

**Vraag 1**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | B ✓ | (1) |
| 1.2 | D ✓ | (1) |
| 1.3 | D ✓ | (1) |
| 1.4 | A ✓ | (1) |
| 1.5 | D ✓ | (1) |

**Vraag 2**

Enige 5 van die antwoorde verskaf. (5)

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2013